

Afri-projek oortref stoutste verwagting

Matthys Maree se projek om Afrikaanse liedjies aan die buiteland bekend te stel, gaan veel verder as net die Franse CD. ELRETHA BRITZ het met hom gesels.

A*fri-Frans 1* was maar net die begin. 'n Tweede CD met Afrikaanse liedjies in Frans en 'n CD met 'n nuwe keur van bekende Afrikaanse liedjies wat in Spaans vertaal is, word begin April op die KKNK (1-8 April) bekend gestel. En as alles goed gaan, sien Afri-Italiaans volgende jaar die lig.

Die sukses van dié projek, om Afrikaanse musiek aan ander lande bekend te stel, het selfs die skepper Matthys Maree se stoutste verwagtinge oortref.

Maree, bekend as pianis, musiekregisseur en CD-vervaardiger, sê hy is in die eerste plek 'n entrepreneur. "Ek dink gedurig nuwe projekte uit, maar dié projek het my so opgewonde gehad dat ek my motor verkoop het om dit te finansier."

Meer as 25 000 eksemplare van *Afri-Frans 1* is binne vier maande in Suid-Afrika verkoop.

Later vanjaar, wanneer Matthys saam met 'n kenner een CD uit die twee Franse versamelings saamgestel het, sal *Afri-Frans* ook in Frankryk versprei word.

Afri-Spaans sal dieselfde pad na Spanje en Suid-Amerikaanse lande volg en wanneer *Afri-Italiaans* voltooi is, sal ook Italianers die kans kry om na van ons mooiste liedjies in hul taal te luister.

Vir die Franse vertalings het

Myra Maud, wat op *Afri-Frans 1* en 2 sing, kom einde van deesemaand in Suid-Afrika aan vir die verhoogproduksie *Afri-Frans*, wat landwyd toer.



Maree prof. Naomi Morgan, dosent in Frans aan die Universiteit van die Vrystaat, genader saam met wie hy voorheen aan Jacques Brel-projekte gewerk het.

Die Spaanse CD bevat 'n heeltemal ander keur van liedjies, waarvoor Maree die Colombiaanse geboresanger Marta Gómez uitgesnuffel het. Sy het die liedjies vertaal en sing dit.

Oor die Italiaanse CD wil Maree nog nie te veel sê nie, behalwe dat hy 'n sanger in gedagte het met 'n stem en styl tussen dié van Michael Bublé en Josh Groban.

Watter soort liedjies kies jy vir dié "uitvoer"-CD's?

Liedjies met musikale integriteit wat die toets van die tyd deurstaan het en splinternuut klink wanneer jy dit sonder woorde hoor. *Jantjie*, *Kinders van die wind* en *Lisa se klavier* (op *Afri-Frans 1*) is voorbeelde hiervan.

Hoekom klink die liedjies op *Afri-Frans* asof 'n mens dit vir die eerste keer hoor?

Luisteraars verpersoonlik musiek vanweë emosionele belewenisse wat daarmee saamhang. Stroop jy die liedjie van sy woorde, word jy met die volle impak van die musiek alleen getref. *Sweef soos 'n arend* het my in dié opsig die meeste verbaas.

Hoe het jy die verwerkings benader?

Dit is totaal onopgesmuk – oop, eerlik en eenvoudig.

Die Franse liedjies is "ingekleur" met akkordeon- en mandolien-klanke en hier en daar die náoorlogse styl wat beelde optower van Franse kafeetjies en mense wat in die strate dans. In enkele gevalle het ek my laat lei deur die wêreldklank wat nou in Frankryk gewild is, soos dié van Carla Bruni (vrou van pres. Nicolas Sarkozy).

Vir die Spaanse liedjies het ek heelwat nyklonsnaarkitare, solovioollyne en perkussie gebruik. Die gevoel is lig; hier en daar het dit amper 'n Latyns-Amerikaanse klank.


Wat het jou op die sangers Myra Maud en Marta Gómez laat besluit?

'n Musiekkontak in Switserland het 'n paar sangers vir die Franse liedjies voorgestel: Maud se ryk stem en sensitiewe aanslag is presies waarna ek gesoek het.

Marta (Gómez) het ek vir die eerste keer gehoor toe ek en Anna Davel ná 'n konsert na



Die CD-omslae is kunswerke op sigself.



Marta Gómez, sanger en liedjieskrywer wie se stem op *Afri-Spaans* gehoor sal word.

Konsertdatums

'n Afri-Frans-verhoogproduksie met Myra Maud debuteer op die KKNK, gevolg deur 'n landwye konserttoer.

Laurika Rauch, Mathys Roets en Anna Davel is ook deel van die aanbieding. Anna-Mart van der Merwe lees gedigte voor as bindingstek.

Matthys Maree (klavier en akkordeon), David Klassen (perkussie), Mauritz Lotz (kitaar) en Denny Lalouette (kontrabas) verskaf die begeleiding.

Opvoerings

KKNK, Absa Burgersentrum: 2 tot 4 April

Potchefstroom: 28 April

Pretoria: 1 Mei

Johannesburg: 2 Mei

Bloemfontein: 4 Mei

Stellenbosch: 7 Mei

Durbanville: 8 Mei

Philadelphia: 9 Mei (Franse ete ingesluit).

Centurion: 11 Mei (solo-vertoning met Maud en Matthys).

Bespreek by Computicket, 083 915 8000 of www.computicket.com.

Kaartjiepryse: R110 tot R150.

'n onbekende CD in die motor geluister het. Ek het daardie nag nog 'n e-pos gestuur en sy het my aanbod binne 'n dag aanvaar. Gelukkig is sy ook 'n liedjieskrywer en kon dus self die vertalings doen.

Maud is 'n jazz-sanger, gee klas in musiek en woon in Duitsland.

Wat is Gómez se agtergrond?

Sy het in Colombia grootgeword en met 'n beurs aan die bekende Berklee School of Music in Boston.

Sy woon nou in Spanje, het vyf

CD's uitgegee en haar klank tussen folk en wêreldmusiek is wat ek wou hê.

In teenstelling met Myra het sy 'n helder stem met die tipies Spaanse infleksies wat so mooi op ons ore val. Spaans het net sulke harde klanke soos Afrikaans, maar Marta se suiwer en moeitvrye sang versag dit. Dit klink amper of die musiek in Spanje gebore is.

Noem enkele liedjies op *Afri-Frans 2* en *Afri-Spaans*.

Afri-Frans 2: Miljoen en Droomvrou (van Lucas Maree), *Hier kom die somer die son* (Johannes Kerkorrel), *Sprokie vir 'n stadskind* (Koos du Plessis) en selfs *Die Stem*.

Afri-Spaans: Liedjie vir jou (Jannie du Toit), *Victoriabaai* (Maree), *Halala Afrika* (Kerkorrel), *Tussen treine* (Richard van der Westhuizen) en *Soos bloed* (Theuns Jordaan).

Het jy darem weer 'n kar gekoop?

Ja, gelukkig.